Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2018-09-02

Matteus 11:25-30

Christus gee rus aan die wat sy las opneem

Inleiding:

- Elk van die vier evangelies het ‘n baie unieke uitgangspunt.
    - Wanneer ons na Matteus kyk sien ons sy sterk fokus op die Jode en die Joodse kultuur.
        - Jesus se uitsprake teen die Fariseërs en hulle omgaan met die wet word beklemtoon.
    - Maar in Matteus se fokus sien ons ook hoe hy die oorgang tussen die Ou en die Nuwe Testament so duidelik uitlig.
        - Ons kan die evangelie volgens Matteus sien as ‘n brug tussen die Ou en die Nuwe.
- Vanaf die intrapslag word hierdie gedagtes beklemtoon.
    - In Jesus se geslagsregister word dit baie duidelik gemaak dat Jesus uit die lyn van Abraham en Dawid kom.
        - So verseker Matteus ook die lesers van hierdie boek dat Jesus die vervulling van die verbond is, maar ook dat Hy die koning is uit die lyn van Dawid.
- So ook maak Matteus dit duidelik dat hoewel Jesus die koning is, het Hy nie aarde toe gekom om die juk van die Romeinse regering af te gooi nie.
- Hy plaas egter die klem op die koninkryk.
    - Jesus is die koning, en omdat Hy die koning is kan Hy bepaal hoe daar in die koninkryk opgetree moet word.
- Matteus lig die skerp kontras uit tussen die streng wettiese riglyne wat die fariseërs stel en die eise wat Christus aan gelowiges stel as troos.
- So word ons dan ook getroos dat Jesus ware rus gee aan die wat sy las opneem.

Jesus gee rus aan die wat moeg is

- Die vertroostende gedagte aan die einde van Matteus 11 is dat Jesus rus gee aan die wat moeg is.
    - Op hierdie wyse lig Jesus sy unieke verhouding met die Vader uit.
        - Hy spreek die Vader nie aan as "Ons Vader" soos in die gebed in Matteus 6 nie, maar net as "Vader" wat 'n baie persoonlike verhouding uitlig.
        - Die verhouding tussen die Vader en die Seun word uitgelig deurdat net die Vader die Seun ken, en net die Seun die Vader ken.
            - Maar nog meer as dit deur Jesus se belofte dat Hy rus gee, beklemtoon Hy ook die feit dat Hy die mens ken.
                - Hy weet wat ons nodig het.
    - Hy gee rus aan die wat geestelik moeg is.
        - Christus weet dus duidelik dat ons wel moeg word.
            - Reeds In Jesaja 40 kry ons die belofte dat daar rus is vir die wat moeg is, en hulle rus by die Here soek.
                - Verse 30 en 31 sê:
                    - *"Selfs jong manne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlereke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."*
    - So kry ons die sekerheid dat dit Christus is wat die rus gee.
        - Hy dra dieselfde juk.
        - Hy maak die las ligter.
    - Hy is die een wat rus gee.
        - Christus nooi ons uit wanneer ons in Hom glo.
            - "*Kom na my toe"*
                - Hy gee rus.
        - Johannes 6:35 verduidelik ook die omvang van hierdie rus.
            - *"Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie. Wie in My glo sal nooit weer dors kry nie."*
        - Daarom gee Christus die opdrag om na Hom toe te kom.
            - Om na die Here toe te kom beteken om te glo.
                - Glo in Christus.

        - Glo dat Hy die las ligter maak.
            - Om dit te glo beteken dat jy die kennis en die sekerheid het dat dit net Christus is wat die las ligter kan maak.

<u>Jesus verlig die las wat ons moet dra.</u>

- Jesus beskryf die manier wat Hy ons las ligter maak op twee maniere.
    - Eerstens sê Hy dat sy juk sag is.
        - Letterlik is die juk die hout balk wat bo-op osse gesit is sodat hulle kon werk.
            - Die ploeg is dan aan die balk vasgemaak sodat die osse die ploeg kon trek.
        - Die juk word egter ook beskryf as die balk wat op ‘n mens se skouers geplaas word sodat hy ‘n swaar gewig kon dra.
            - Hierdie juk het dan die gewig eweredig versprei sodat die gewig makliker gedra word.
                - Dit was egter net moontlik as die las nie te swaar was nie.
        - Wanneer die las te swaar is, word die balans uitgegooi en is dit moeilik om te dra en het die juk dan die skouers geskaaf wat pyn en ongemak veroorsaak het.
    - Daarom sê Christus ook tweedens dat sy las lig is.
        - Die las en die juk pas dus bymekaar sodat dit gedra kan word op ‘n manier wat die liggaam nie seer maak nie.
- Die beeld verwys egter na die wette wat die fariseërs ingestel het.
    - Hulle wette word gesien as die swaar las wat die mens op homself laai.
        - Die wet rus soos ‘n swaar juk op die skouers omdat dit nie moontlik is om deur goeie werke of deur wetsonderhouding gered te kan word nie.
            - Hierdie las kan nie gedra word nie.
                - Dit is onmoontlik.
    - So sien ons dan ook in hierdie beeld dat Christus dit ook duidelik maak dat ons nie deur die wet gered kan word nie, maar slegs deur geloof in Christus.

        - Hierdie geloof is dan die las wat soveel ligter is en ‘n juk wat soveel sagter is as dit wat mense kan maak.
    - Maar dit is ook baie duidelik dat Christus nie die las en die juk wegvat nie.
        - Ons het nie nou vrye teuels om maar bloot te maak soos wat ons wil nie.
            - Ons het steeds ‘n juk en ‘n las wat ons moet dra.
                - ‘n Juk is gebruik sodat werk gedoen kan word, daarom is hierdie juk wat ons steeds dra ook die opdrag om te glo in Christus.
- Die enigste rede dat ons hierdie ligter las kan dra is omdat Christus die las vir ons gedra het.
    - Hy is die vervulling van die wet.
        - Hy het die wet ten volle vervul en daarom dra ons nie meer die las van die wet nie, maar van dankbaarheid.
    - Christus het ons sondes volkome vergewe sodat die las ook ligter en sagter op ons skouers rus omdat ons nie meer slawe van die sonde is nie.
- Daarom moet ons ook besef dat ons Christus nodig het.
    - Ons kan nie maar net op eie kragte staat maak nie.
        - Omdat Christus die Vader ken, kan Hy ook ons las ligter maak.
        - Hy ken ons sonde en ons nood en ons laste daarom weet Hy wat ons nodig het.

<u>Dra hierdie las in gehoorsaamheid</u>

- Gemeente ons dra steeds ‘n las.
    - Ons moet in dankbaarheid lewe want dit is die natuurlike gevolg van dit wat Christus vir ons gedoen het.
        - Christus sê nie dat ons geen juk of geen las gaan dra nie.
    - Wat Christus wel beveel is dat ons nie onnodig nog laste op onsself moet laai nie.
        - Ja ons gaan vervolg word.
            - Ja ons gaan bekommerd en angstig raak oor die wêreld rondom ons.

        - Maar die Heilige Gees troos ons dat die las van Christus nooit te swaar sal wees vir ons om te dra nie.
- Maar tesame met hierdie juk kry ons ook die rus in en by Christus.
    - Fisiese en geestelike rus stel ons in staat om die laste te kan dra wat Christus eis.
        - Daarom moet ons in Christus rus.
            - Neem jou sorge na Hom toe.
            - Glo en vertrou dat die Here ook sal sorg en ons weereens sal verseker dat sy las ligter is as die laste wat die wêreld wat op ons wil laai.
        - Die troos lê daarin dat die las volkome afgegooi sal word.
            - Ons word aangemoedig in Hebreërs 12:1 om die laste van die wêreld soos die sonde af te gooi.
- So kry ons dan die rus om aan te gaan en te stry, en waar ons steeds dikwels moeg word kan ons rus vind by Christus.

Slot:

- Jy kan in niks anders as Christus ware rus vind nie.
    - Ons moet steeds die las dra.
        - Die juk is nie maar bloot weggevat nie.
- Maar hierdie juk wat Christus gee is gemaklik en stel ons in staat om in vreugde en vrede in sy diens te staan.
    - So kan ons in sy koninkryk diensbaar wees sonder dat die laste van hierdie wêreld ons onderkry.